

12 Augustus

Skrifgedeelte: Sagaria 8:18-23 (OAV)

Fokusgedeelte: Sagaria 8:23

Ons het gehoor dat God met julle is

Hier het ons 'n pragtige profesie op die uitbreiding van die Koninkryk van God, oor die hele wêreld. In Sagaria se tyd word daar nog gesukkel om die tempel herbou te kry, omdat die teruggekeerde ballinge nog moes spook en spartel om 'n dak oor hulle eie kop te kry.

Sagaria was 'n tydgenoot van Haggai. In Haggai 1:8, 9 lees ons: “Klim op die berg en bring hout aan en bou die huis, dan sal Ek 'n welgevalle daaraan hê en My verheerlik, sê die Here. Julle het uitgesien na baie en kyk, dit het min geword; julle het dit in die huis ingebring, maar Ek het dit weggeblaas! Waarom? spreek die Here van die leërskare. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop.” Nieteenstaande hierdie droewige toestand, waarby 'n groot droogte ook swaar op die volk gedruk het, kom Sagaria nou met hierdie uiters bemoedigende profesie, naamlik dat tien man uit die volkere van die wêreld na 'n Joodse man sal gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.”

Tien man – 'n voltal uit die volkere van die wêreld. Die toeloop is groot; hulle het “gehoor”. Dit wil sê: die opdrag van Jesus Christus, naamlik gaan verkondig die evangelie aan alle volkere en nasies, sou nie op dowe ore val nie. Deur sending en evangelisasie sou die evangelie van Jesus Christus oor die hele wêreld uitgedra word en die Gees van God sou in die harte van mense die ware geloof werk.

Daar is nog steeds heidene. Wit, swart, geel, bruin. Verkondig ons nog steeds die evangelie van Jesus Christus, sodat die kerk kan groei? Sodat talle mense kan kom en sê: “Ons het *gehoor* dat God met julle is?”

En wat beteken dit dat “God met julle is?” Dit beteken dat ons met liggaam en siel hemelse versorging ontvang. Dat ons deur die verdienste van Jesus Christus 'n vooruitsig het op die ewige heerlikheid.

Sing: Psalm 32:6 (Totius)

Ds PA Smit (Emeritus)